Bib.

30/86

527/84

N v H

DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALE VERVOERKOMMISSIE

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE

en

SONNEX (EDMS) BEPERK

SMALBERGER, AR :-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALE VERVOERKOMMISSIE — Eerste Appellant

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE — Tweede Appellant

en

SONNEX (EDMS) BEPERK — Respondent

CORAM: RABIE, HR, TRENGOVE, VILJOEN, HEFER, et SMALBERGER, ARR

VERHOORDATUM: 4 MAART 1986

LEWERINGSDATUM: 25 Maart 1986

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR:-

Hierdie appèl is gerig teen die geslaagde hersieningsaansoek wat die respondent teen 'n beslissing van

die / ...............

die Nasionale Vervoerkommissie (die Kommissie) in die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika ingestel het.

Die respondent is 'n maatskappy wat sake doen as 'n groothandelaar in boumateriaal met afsetpunte te Windhoek en Grootfontein. Die respondent versprei boumateriaal aan kliënte oor die hele gebied van Suidwes-Afrika, maar sy vernaamste afset geskied aan kliënte in die noordelike gebied wat Owambo, Kavango en Caprivi insluit. Die respondent is die houer van agt privaat=padvervoerpermitte uitgereik kragtens die bepalings van die Wet op Padvervoer, No 74 van 1977 (die Wet). Hierdie permitte magtig die respondent om, onder andere, sy eie boumateriaal vanaf sy <u>bona fide</u> plek van besigheid te Windhoek direk na boupersele geleë in sekere dele van

die oostelike en sentrale gebiede van Suidwes-Afrika te vervoer; soortgelyke magtiging word verleen vanaf Grootfontein na boupersele geleë in dele van die noorde=like gebied. In albei gevalle is die aflewering van boumateriaal aan enige besigheidsperseel ter aanvulling van voorrade uitgesluit.

In Augustus 1982 het die respondent kragtens die bepalings van artikel 17(1) van die Wet by die plaaslike padvervoerraad, Windhoek, (die Raad) aansoek gedoen om privaatpermitte ten aansien van agt voertuie vir die vervoer van (luidens die aansoek) "own building material from applicant's business premises in Windhoek and Groot=fontein to places within South West Africa". Die Raad het die aansoek geweier. Die respondent het teen die

Raad se besluit na die Kommissie appèl aangeteken. Die appèl is in Oktober 1983 deur die Kommissie van die hand gewys. Die tweede appellant het voor beide die Raad en die Kommissie as beswaarmaker opgetree. Die hersieningsaansoek het gevolg op die afwysing van die respondent se appèl. Daarin is versoek die tersydestel= ling van die Kommissie se afwysing van die respondent se appèl teen die Raad se beslissing en die uitreiking van die aangevraagde privaatpermitte. Die grondslag van die aansoek, soos uiteengesit in die uitspraak van die hof _a quo_ (MOUTON en STRYDOM, RR), was dat die besluit van die Kommissie "uiters onredelik is tot so 'n mate dat dit gesê kan word dat dit die diskresie waarmee dit beklee is, glad nie uitgeoefen het nie". Die hof a _quo_ het die aansoek op

hierdie / ...........

hierdie basis toegestaan en die Kommissie gelas om privaatpermitte ten opsigte van ses voertuie uit te reik met die volgende magtiging:

> "Die vervoer van eie boumateriaal vanaf die applikant se besigheidspersele in Windhoek na boupersele geleë in Suidwes-Afrika".

(Dit is nie duidelik waarom die hof <u>a quo</u> die uitreiking van net ses privaatpermitte gelas het nie ondanks die feit dat agt aangevra is.)

Artikel 18(3) van die Wet, wat betrekking het op aansoeke in verband met privaatpermitte, bepaal soos volg:

> "(3) Die kommissie of 'n raad staan nie 'n aansoek kragtens hierdie artikel toe nie tensy hy oortuig is (die bewyslas waarvan op die aansoeker rus) -

(a) dat die / ........

(a) dat die aansoeker die bedryf, handel of besigheid ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word, op die plek of plekke uitoefen of dryf wat in die aansoek vermeld word, soos in artikel 17(1) beoog;

(b) dat dit onder die omstandighede on=redelik sou wees om van die aansoeker te verwag dat hy vir die vervoer van die goedere waarop die aansoek betrekking het, van 'n beskikbare spoorwegdiens gebruik moet maak, nieteenstaande dat die betrokke spoortariewe geag word redelik te wees."

Dit was gemene saak voor die Kommissie dat die respondent binne die bestek van subartikel(3)(a) val. (Ek bepaal my tot die verrigtinge voor die Kommissie want die appèl na die Kommissie was 'n herverhoor in die volste sin van die woord - National Transport Commission and Another v Chetty's Motor Transport (Pty) Ltd 1972(3) SA 726 (A) op

735 B.) Daar is in hierdie Hof tereg betoog dat die bewyslas wat op die respondent rus om die Kommissie te oortuig dat daar voldoen is aan die vereistes van sub=artikel(3)(b), alleenlik intree as daar bewys is van die bestaan van 'n beskikbare spoorwegdiens waarvan gebruik gemaak kan word (Reynolds Brothers Ltd v Chairman, Local Road Transportation Board, Johannesburg and Another 1985(2) SA 790 (A) ). Ofskoon dit namens die respondent be=vraagteken is of bewys van 'n beskikbare spoorwegdiens gelewer is, was die bestaan van so 'n diens vanaf Windhoek na wydgestrekte dele van Suidwes-Afrika nie voor die Kommissie (en ook die hof a quo) in geskil nie. Daar is ten minste 'n beskikbare diens tot by Grootfontein en Tsumeb in die noorde - en die respondent se aansoek het in wese gegaan

oor / ............

oor vervoer na die noorde - waarvandaan die respondent met die privaatpermitte tot sy beskikking in staat is om boumateriaal verder te vervoer. Dit blyk ook uit die stukke dat die Kommissie attent gemaak is op, en kennis gedra het van, die bestaande spoorwegdienste in Suidwes-Afrika en die frekwensie daarvan. Daar was gevolglik bewys in die algemeen van 'n beskikbare spoorwegdiens waarvan gebruik gemaak kon word. Dit is ook nie nodig om op die vraag in te gaan wat deur die respondent geopper is of die vermoede van redelikheid van spoortariewe in artikel 18(3)(b) van die Wet vervat 'n weerlegbare of 'n onweerlegbare een is nie. Die redelikheid al dan nie van spoortariewe in die algemeen was nòg voor die Kommissie nòg voor die hof _a quo_ in geskil, die aange=

leentheid / ........

leentheid is nie behoorlik ondersoek nie en daar bestaan in elk geval nie voldoende getuienis waarvan afgelei kan word dat die spoortariewe onredelik is nie.

Die enigste vraag waaroor die Kommissie moes besin, was of die respondent tot sy oortuiging bewys het dat dit onder die omstandighede onredelik sou wees om van die respondent te verwag om van bestaande spoorwegdienste vir die vervoer van boumateriaal gebruik te maak. By die oorweging van hierdie vraag - wat teen die respondent uitge=wys is - moes die Kommissie 'n kwasi-judisiële diskresie uit=oefen. Dit is geykte reg dat die grondslag waarop so 'n uitoefening van diskresie by 'n hersiening aangeveg kan word, uiters beperk is. Die bevoegdheid van die Hooggeregshof om die beslissing van 'n kommissie in 'n

aangeleentheid soos die onderhawige te hersien is deur HOLMES, AR, as volg saamgevat in Johannesburg Local Road Transportation Board and Others v David Morton Transport (Pty) Ltd 1976(1) SA 887 (A) op 895 A - G:

> "There is no appeal from a decision of the Commission to the Supreme Court. The Legislature has appointed it as the final arbiter in its special field. Hence, right or wrong, for better or worse, reasonable or unreasonable, its decision in this field stands and is not justiciable in a court of law, unless it is vitiated by proof on review in the Supreme Court that it failed honestly to apply its mind to the issues in accordance with the behests of the statute and the tenets of natural justice; in other words that, considered de jure, it failed to decide the matter at all. Such failure would, for example, be proved, if the Commission's opinion is arbitrary, capricious, mala fide, or the result of an unwarranted adherence to a fixed principle. These matters would seldom be provable by direct evidence, and the question would become one of inference. If the Commission's opinion under sec 13(3) of Act 39 of 1930 is unreasonable, that is not

per se / ............

<u>per se</u> a ground for review. Sometimes, however, the applicant asks the Court to draw an inference, from the alleged unreasonableness of the Commission's opinion, that such opinion must have been referable to matters such as arbitrariness or <u>mala fides</u>; and, therefore, that it did not honestly apply its mind to the issues; and accordingly that its decision is judicially reviewable. In such a review the applicant would have a hard row to hoe. In the first place, it is well settled, by decisions of this Court, that the unreasonableness <u>per se</u> would have to be of a disturbing degree in order to warrant the inference contended for. This is so well settled that garnishment of this judgment by citation of authority would but add to the mounting burden of annotations. In the second place, the drawing of such an inference may, depending upon the circumstances, be the more difficult if the chairman of the Commission has filed a helpful affidavit consisting not merely of the <u>ipse dixit</u> of a bare denial. One does not lightly infer dereliction of duty and un=truthfulness from a responsible body. Still, the Court must not flinch from an examination of such affidavit, in the light of all of the cir=cumstances, in order to ascertain whether it is reliable. The degree of proof required of an applica on review is that of a preponderance of probability."

(Sign

(Sien ook Theron en Andere v Ring van Wellington van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en Andere 1976(2) SA 1 (A).) 'n Hof is nie by magte om op hersiening die funksie van 'n kommissie aan homself toe te eien en die kommissie se mening met dié van sy eie te vervang nie. Mnr Henning, namens die respondent, het uiteindelik by die geykte her=sieningsmaatstawwe berus, ofskoon hy aan die hand van sekere oorwegings - wat nie behandel hoef te word nie - ietwat tentatief voorgestel het dat blote onredelikheid, in die samehang van artikel 18(3)(b), voldoende is vir hersienings=doeleindes.

Twee getuies, Gilge en Kötting, het voor die Raad ter ondersteuning van die respondent se aansoek getuig. Gilge is die respondent se vervoerbestuurder, en in dus=

danige / ..........

danige hoedanigheid belas met, en in beheer van, die ontvangs en verspreiding van boumateriaal. Dit blyk uit sy getuienis dat die respondent reeds vir baie jare sy besigheid in Suidwes-Afrika bedryf en 'n markaandeel van ongeveer 20% in die totale groothandel-verspreiding van boumateriaal geniet. Van die goedere wat die respondent versprei word ongeveer 80% per spoor vanaf die Republiek vervoer. Goedere wat vir die respondent se tak te Grootfontein bestem is, word gedeeltelik direk per spoor van die Republiek soontoe vervoer en aanvullend per spoor vanaf Windhoek. Goedere bestem vir Owambo, Kavango en Caprivi gaan per spoor tot Tsumeb of Grootfontein (die twee eindpunte). Daar word dit afgelaai en verder moet daar gebruik gemaak word van padvervoer. Dit bring

na bewering bykomende hantering van vrag (dikwels deur onopgeleide personeel) sowel as addisionele koste mee.

Met betrekking tot die motivering vir die respondent se aansoek, het Gilge getuig dat die aansoek gaan oor die vervoer van goedere vanaf Windhoek direk na kliënte op boupersele en dat die respondent nie daarin belang stel om goedere te vervoer na kleinhandelaars vir verdere verspreiding nie. Volgens Gilge is tyd van wesenlike belang met die bediening van kliënte "om 'n kliënt tevrede te stel, om sy aanvullende diens, of sy aanvullende goedere wat hy vir sy boupersele benodig, so spoedig as moontlik vir hom te voorsien". Gilge (en Kötting) het getuig dat daar verskeie redes is (diefstalle, foutiewe sketse en berekenings, beskadiging van goedere,

onvoldoende bergingsfasiliteite en dies meer) waarom aanvullende bestellings in die boubedryf gewoonweg dringend van aard is. Ofskoon die vervoerdienste in staat is om na sekere sentra per spoor sneldienste te lewer, is die dienste baie onbetroubaar, deurvoertye wissel en daar is dikwels lang vertragings. Dit kan lei tot verlies van produksie en gevolglike vertraging van bouwerke. Daar is getuig dat vervoertye per spoor vanaf Windhoek na Grootfontein kan wissel van 2 tot 25 dae. Die bouaannemer is op 'n leweransier vir spoedige aflewering aangewese, en daar kan nie aan die bouaannemer se verwagtings in dié verband voldoen word deur die gebruik van bestaande vervoergeriewe nie. Gevolglik was dit nodig om van tydelike vervoerpermitte gebruik te maak. Oor 'n tydperk van sewe maande is daar 'n totaal van 72 sulke permitte verkry, dws

gemiddeld 10 per maand. Verder is daar deur Gilge verwys na die beskadiging van goedere wat deur die vervoerdienste vervoer is (ofskoon die omvang daarvan betreklik gering is) en die gevolge daarvan. Gilge het ook getuig dat die respondent se Grootfontein-tak geografies ongunstig geleë is; dat die vraag na bou= materiaal in die noordelike gebiede baie wisselend is; dat dit prakties moontlik dog uiters moeilik is om die noordelike gebiede vanaf Grootfontein te bedien; en dat die behoefte gevolglik bestaan om daardie streek vanaf Windhoek te kan bedien. Tydens ondervraging deur die tweede appellant se verteenwoordiger het Gilge beaam dat daar in die toekoms nog altyd deur die respondent van die bestaande spoorwegdiens gebruik gemaak sou word vir aan=

vullende / ..........

vullende voorraad van Windhoek na Grootfontein al sou die respondent oor magtiging beskik om dit self te vervoer. Kötting, 'n bouaannemer, het in die algemeen getuig oor omstandighede wat tot gevolg kan hê dat boumateriaal spoedeisend benodig word deur bouaannemers, en die probleme wat met vertragings van spoorbesendings ondervind word. Hy het die mening uitgespreek dat daar in die boubedryf 'n behoefte is aan privaat vervoer van boumateriaal na bou= persele.

Geen weerleggende of ander getuienis is deur die tweede appellant voorgelê nie. Gilge en Kötting se getuienis was tot die Kommissie se beskikking, en Gilge was tydens die verrigtinge voor die Kommissie beskikbaar vir verdere ondervraging. Nòg die Raad, nòg die Kommissie het enige

redes vir die afwysing van die respondent se aansoek en appèl onderskeidelik verstrek, ofskoon die eerste respondent in sy beëdigde verklaring ter bestryding van die respondent se hersieningsaansoek sekere oorwegings wat by die Kommissie gegeld het, genoem het.

Op hersiening het die hof <u>a quo</u> bevind dat die respondent 'n sterk saak voor die Raad en die Kommissie uitgemaak het; dat die getuienis namens die respondent aangebied, òf glad nie, òf nie effektiewelik, deur kruis= ondervraging aangeval is nie; en dat daar geen weer= leggende getuienis namens die tweede appellant voorgelê is nie. Hierdie oorwegings, tesame met die Kommissie se versuim om redes vir sy besluit te verstrek, het die hof <u>a quo</u> tot die gevolgtrekking genoop dat "die afleiding

onvermydelik / ........

onvermydelik (is) dat die eerste respondent die getuienis wat voor hom geplaas was geïgnoreer het, en na my mening het die applikant dus op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die eerste respondent nie oorweging geskenk het aan die vraag of die applikant hom gekwyt het van die bewyslas om aan te toon dat dit onredelik sou wees om te verwag dat hy van die beskikbare spoorwegdiens gebruik moet maak om sy goedere te vervoer".

Wat die getuienis betref, het die hof *a quo* hoofsaaklik drie oorwegings ten gunste van die respondent in aanmerking geneem, naamlik, die omvattende gebruik van tydelike permitte en die koste daaraan verbonde, die verdere of dubbele hantering van vrag wat genoodsaak word deur gebruikmaking van die bestaande spoorwegdienste en die

lang / ...........

lang afleweringstye van spoorvervoer. Wat laasgenoemde oorweging betref, ofskoon daar in sekere gevalle verduidelikings daarvoor bestaan, dui die onbetwiste getuienis onteenseglik daarop dat met die versending van goedere per spoor daar dikwels lang vertragings geskied. Die hof a quo het dus tereg ag geslaan op hierdie oorweging. Insiggewend is egter die feit dat ondanks lang vervoertye die respondent nog altyd beplan om van die spoorgeriewe tussen Windhoek en Grootfontein gebruik te maak al sou hy oor privaatpermitte beskik om sy goedere self tussen daardie twee plekke te vervoer.

Die appellante het betoog dat die oorweging dat die gebruik van spoorvervoer verdere of dubbele hantering van vrag meebring, òf ongegrond is, òf dat die hof a quo

die / ...............

die probleme wat daarmee gepaard gaan, oorbeklemtoon het. Na my mening moet die appellante in dié opsig gelyk gegee word. Soos reeds gemeld, kry die respondent oorwegend sy boumateriaal per spoor vanaf die Republiek en gaan dit òf na Windhoek òf na Grootfontein. Op Grootfontein moet vrag noodwendig op padvoertuie oorgelaai word om verder na boupersele vervoer te word. Dieselfde situasie geld egter as die vrag op Windhoek afgelaai word vir verdere vervoer deur padvoertuie. In dié opsig kan daar dus nie sprake van dubbele hantering van vrag wees nie. Dubbele hantering van vrag geskied egter wel wanneer boumateriaal wat op Windhoek afgelaai word, geberg word en later verder per spoor versprei word na 'n bestemming waar dit op 'n pad=voertuig oorgelaai word vir vervoer na 'n bouperseel.

In so / ..............

In so 'n geval kan dubbele hantering wel uitgeskakel word as die verspreiding per padvoertuig direk vanaf Windhoek sou geskied. Dubbele hantering is dus onvermydelik in alle gevalle waar goedere wat geberg is per spoor in stede van per padvoertuig vanaf Windhoek gestuur word. Die situasie geld vir alle gebruikers van spoorwegdienste in 'n soortgelyke posisie, is vir baie jare reeds deur die respondent aanvaar en kan op sigself nie as 'n rede dien waarom dit onredelik sou wees om van 'n bestaande spoorweg=diens gebruik te maak nie.

Die groot aantal tydelike permitte wat uitgereik is, is wel aanduidend van 'n behoefte aan die kant van die respondent. Die vraag is egter 'n behoefte waaraan? Die voorvereiste vir die toestaan van 'n tydelike permit verskil

van die / ............

van die vir die uitreiking van 'n privaatpermit (vgl artikels 18 en 20 van die Wet). Die toestaan van 'n groot aantal tydelike permitte beteken nie noodwendig dat die respondent op die aangevraagde privaatpermitte geregtig is nie. 'n Tydelike permit is niks meer as 'n tydelike vergunning nie, en die toestaan daarvan verleen geen reg tot die latere ver= kryging van 'n privaatpermit nie. As daar behoorlik gelet word op die getuienis (en die skedule wat betrekking het op die tydelike permitte wat toegestaan is) dan is dit myns insiens duidelik dat wat die respondent benodig, is 'n aan= vullende diens in krisisgevalle waar lewering spoedeisend moet geskied, of moet geskied na verafgeleë dele waar bestaande spoorfasiliteite ontoereikend is. (Gilge self het gesê die behoefte is "onstabiel".) Van bouaannemers kan verwag word om in

normale / ........

normale omstandighede vroegtydig bestellings vir bou=materiaal te plaas om moontlike vertragings in lewering per spoor die hoof te bied. Tydelike permitte is juis geskik om die aanvullende diens wat die respondent beoog, en die omstandighede waaronder dit benodig word, te dek. Die getuienis dui myns insiens nie noodwendig daarop dat die bestaande spoorfasiliteite onvoldoende is vir die respondent se normale benodighede en bedrywighede en dat die respondent dus op privaatpermitte aangewese is om sy besigheid behoorlik te kan dryf of reël nie.

Of daar in 'n bepaalde geval 'n ongunstige afleiding teen 'n liggaam soos die Kommissie gemaak kan word vanweë sy versuim om redes vir sy beslissing te gee, hang ten nouste saam met die feite en omstandighede van die

betrokke geval. Die regsposisie wat geld is as volg in <u>W C Greyling en Erasmus (Pty) Ltd v Johannesburg Local Road Transportation Board and Others</u> 1982(4) SA 427 (A) op 448 C - E uiteengesit:-

> "It has repeatedly been held that a body like the Commission is not obliged to give reasons for its decision. But that does not mean that it should not furnish reasons for its decision. By not giving reasons it may run the risk of an adverse inference being drawn. (See <u>Chetty's</u> case, <u>supra</u> at 736 F - G.) Whether or not to give reasons is a matter which it must make out for itself in the circumstances of each particu= lar case. Where, as here, the only evidence presented is impressive and acceptable, remains unchallenged in cross-examination and uncontra= dicted by other evidence, then the failure to give reasons does tend to support an inference that the evidence was ignored. (Cf <u>Pretoria North Town Council v A I Electric Ice-cream Factory (Pty) Ltd</u> 1953(3) SA 1 (A) 16 B - E.)"

Van / ...............

Van 'n kommissie word verwag dat hy 'n kwasi-judisiële diskresie moet uitoefen. Ofskoon 'n kommissie 'n nie-regsprekende orgaan is, verskil sy besluitnemingsproses nie funksioneel van dié van 'n hof nie (vgl Minister of Agricultural Economics and Marketing v Virginia Cheese and Food Co (1941) (Pty) Ltd 1961(4) SA 415 (T) op 422 F). Al is 'n kommissie nie verplig om redes vir sy beslissing te verstrek nie, is dit nogtans wenslik dat hy dit doen, want versuim in dié opsig kan in 'n bepaalde geval tot die gevolgtrekking lei òf dat getuienis geïgnoreer is, òf selfs dat daar hoegenaamd geen diskresie uitgeoefen is nie. Hoe sterker die saak wat uitgemaak is, hoe sterker die moontlike afleiding wat kan volg op 'n versuim om redes te verstrek.

Die Kommissie is 'n verantwoordelike liggaam. Dit beskik oor gespesialiseerde kennis en is statutêr met die bevoegdheid beklee om aansoeke om vervoerpermitte toe te staan of te weier. Daar is geen rede om te aanvaar dat die Kommissie nie die aard van sy bevoegdhede behoorlik begryp het nie. Pligsversuim behoort nie ligtelik aan die Kommissie toegeskryf te word nie. As gevolg van die ge= tuienis van Gilge en Kötting wat tot sy beskikking was, betoë wat gelewer is en vrae wat deur sy lede gestel is, moes die Kommissie op hoogte gewees het van die respondent se saak en die feite waarop dit gegrond was. Ofskoon die tweede appellant geen weerleggende getuienis aangebied het nie, het dit gegewens aangaande bestaande spoorwegdienste voor die Kommissie geplaas. Volgens die eerste appellant was

die / ...............

die Kommissie op hoogte van sodanige dienste en is hulle in die beoordeling van die respondent se appèl deur die Kommissie oorweeg, soos dit geregtig was om te doen. (Eljomo Vervoer (Edms) Bpk v Voorsitter, Nasionale Vervoer=kommissie en Andere 1982(2) SA 199(T) op 205 E - I). Die Kommissie was ook bewus van die verskil tussen privaatpermitte en tydelike permitte, en die aanvraag wat daar vir laasgenoemde was.

Die respondent het nie so 'n sterk saak uitgemaak vir die toestaan van privaatvervoerpermitte as wat die hof a quo bevind het die geval te wees nie. Die saak wat uitgemaak is, tesame met die Kommissie se versuim om redes vir sy beslissing te verstrek, regverdig nie onvermydelik of noodwendig die afleiding deur die hof a quo gemaak dat

die / ...........

die Kommissie die getuienis voor hom geignoreer het nie. Dit is nie 'n geval waar daar geen redes of geldige oor=wegings kon bestaan vir die Kommissie se gevolgtrekking dat die respondent hom nie van die bewyslas wat op hom gerus het, gekwyt het nie. Gedagtig aan die feit dat die respondent geregtig is om sy eie sake te reël (Greyling se saak op 438 D) en dat "(o)n general principles it does not seem unreasonable to allow an industrialist, trader or businessman to convey, in the ordinary course of his business, his own goods in his own vehicles on public roads" (Polikor Investments (Pty) Ltd v Chairman, Local Road Transportation Board, Cape Town and Others 1981(4) SA 782 (K) op 787 H) kan die Kommissie se beslissing moontlik as onredelik beskou word. Soos reeds aangedui, kan 'n

onredelike / ........

onredelike beslissing nie dien as maatstaf vir ingryping op hersiening nie tensy die onredelikheid van so 'n aard is dat dit een van die afleidings regverdig waarna in die aangehaalde passasie in Morton se saak verwys is. In die onderhawige geval is geeneen van sodanige afleidings geregverdig nie. Dit volg dus dat die hersieningsaansoek voor die hof *a quo* nie behoort te geslaag het nie.

In die appèl voor hierdie Hof het twee advokate namens die tweede appellant verskyn. Daar is nie gevra dat die koste van twee advokate toegelaat moet word indien die appèl sou slaag nie. Daar bestaan in elk geval geen grondige rede vir die toestaan van so 'n bevel nie.

Die / .............

Die appèl slaag, met koste. Die beslissing van die hof *a quo* word ter syde gestel en word deur die volgende bevel vervang:-

"Die aansoek van die applikant word van die hand gewys, met koste".

J W SMALBERGER

APPèLREGTER

RABIE, HR)
TRENGOVE, AR)
VILJOEN, AR) STEM SAAM
HEFER, AR)